

**9 September**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:15-16 (1933/53- en 1983-vertaling)**

### **Herontdek die waarheid van die Skrif**

In moeilike tye is dit maklik om na antwoorde in die wêreld daarbuite te soek. Ons wil die rede vir ons ellende, werksomstandighede of dalk 'n verhouding se ineensinking in die wêreld gaan kry.

Ons word egter daaraan herinner dat God reeds vir ons die antwoorde gegee het: in sy Woord. Alles wat ons moet en wil weet, het Hy daarin aan ons geopenbaar. Dit wat God wil hê ons nodig ag oor hom, het Hy vir ons gegee. Selfs dit wat ons nodig het om te weet oor onself, is daarin opgeneem – ons sonde en ellende en ook die troos van verlossing.

Ons word hierin aangemoedig om weer die waarheid in die Skrif te gaan soek; eintlik is dit God self wat ons die waarheid gee. Die Heilige Gees maak dit vir ons moontlik om hierdie waarheid te verstaan en so die antwoorde vir ons alledaagse vrae te verkry. Soos wat ons van kleinsaf geleer het. Ons moet weer ons afhanklikheid van God beseef, klein word voor God soos toe ons kinders was en ons alles ingeneem het van die Waarheid wat ons geleer is.

So kry ons die waarheid vir al ons vrae en kan ons die verkeerdhede in ons lewens uitskakel en daarteen veg. Selfs al voel dit asof alles verkeerd loop en ons geen antwoorde daarvoor het nie. Dan kan ons voortleef in die waarheid soos God dit vir ons gee. Alles wat ons doen, is dan tot eer van en dank aan God.

*Sing: Psalm 25:1, 2 (1936)*

*Teologiese Student J (Jaco) Cronje*